

**Skriflesing:** Genesis 35:15-21; 49:27-33; Romeine 7:7-27

Teks: **Genesis 49:27-28; Deuteronomium 33:12**

Sing: **Ps. 68:12; Sb 14:1,2; Ps. 84:3,4; Ps. 95:1,4**

- Gen 35:15 En Jakob het die plek waar God met hom gespreek het, Bet-el genoem.
- Gen 35:16 Daarna het hulle van Bet-el af weggetrek. En toe daar nog 'n kort ent pad was om by Efrat te kom, moes Ragel baar; en sy het dit swaar gehad by die bevalling.
- Gen 35:17 En terwyl sy dit swaar het by die bevalling, sê die vroedvrou vir haar: Wees nie bevrees nie, want dit is ook 'n seun vir u.
- Gen 35:18 En toe haar siel uitgaan—want sy het gesterwe—noem sy hom Ben-Oni. Maar sy vader het hom Benjamin genoem.
- Gen 35:19 So het Ragel dan gesterwe; en sy is begrawe op die pad na Efrat, dit is Betlehem.
- Gen 35:20 En Jakob het 'n gedenksteen op haar graf opgerig; dit is die gedenkteken van die graf van Ragel tot vandag toe.
- Gen 35:21 En Israel het weggetrek en sy tent opgeslaan aan die ander kant van Migdal-Eder.

- Gen 49:27 Benjamin is 'n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.
- Gen 49:28 Hulle almal is die twaalf stamme van Israel; en dit is wat hulle vader aan hulle gesê het, en hy het hulle geseën; hy het hulle geseën, elkeen volgens sy besondere seën.
- Gen 49:29 Daarna het hy hulle bevel gegee en aan hulle gesê: Ek word versamel by my volk. Begrawe my by my vaders in die spelonk wat op die stuk grond van Efron, die Hetiet, is;
- Gen 49:30 in die spelonk wat op die stuk grond van Magpéla is, wat oos van Mamre lê, in die land Kanaän; die stuk grond wat Abraham van Efron, die Hetiet, as eiendomsgraf gekoop het.
- Gen 49:31 Daar het hulle Abraham begrawe en Sara, sy vrou; daar het hulle Isak begrawe en Rebekka, sy vrou; en daar het ek Lea begrawe—
- Gen 49:32 die stuk grond en die spelonk wat daarin is, wat gekoop is van die seuns van Het.
- Gen 49:33 Toe Jakob klaar sy bevele aan sy seuns gegee het, trek hy sy voete terug op die bed en blaas die asem uit; en hy is by sy volksgenote versamel.

- Rom 7:7 Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.
- Rom 7:8 Maar die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en in my allerhande begeerlikheid gewerk; want sonder die wet is die sonde dood.
- Rom 7:9 En sonder die wet het ek vroeër gelewe, maar toe die gebod kom, het die sonde weer opgelewe en ek het gesterwe.
- Rom 7:10 En die gebod wat die lewe moes wees, dié het vir my geblyk die dood te wees.
- Rom 7:11 Want die sonde het aanleiding gevind deur die gebod en my verlei en daardeur gedood.
- Rom 7:12 Dus is die wet heilig en die gebod is heilig en regverdig en goed.
- Rom 7:13 Het die goeie dan vir my die dood geword? Nee, stellig nie! Maar wel die sonde, dat dit kon blyk sonde te wees, omdat dit deur die goeie vir my die dood bewerk, sodat die sonde deur die gebod uitermate sondig kon word.
- Rom 7:14 Want ons weet dat die wet geestelik is, maar ek is vleeslik, verkoop onder die sonde.
- Rom 7:15 Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil, dit doen ek nie, maar wat ek haat, dit doen ek.
- Rom 7:16 En as ek doen wat ek nie wil nie, dan stem ek die wet toe dat dit goed is.
- Rom 7:17 Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.
- Rom 7:18 Want ek weet dat in my, dit wil sê in my vlees, niks goeds woon nie; want om te wil, is by my aanwesig, maar om goed te doen, dit vind ek nie.

**Rom 7:19** Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek.

**Rom 7:20** Maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon.

**Rom 7:21** Ek vind dus hierdie wet: as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig.

**Rom 7:22** Want ek verlustig my in die wet van God na die innerlike mens;

**Rom 7:23** maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is.

**Rom 7:24** Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?

**Rom 7:25** Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here! (7:26) So dien ek self dan wel met die gemoed die wet van God, maar met die vlees die wet van die sonde.

### **Teksverse:**

**Gen 49:27** Benjamin is 'n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.

**Gen 49:28** Hulle almal is die twaalf stamme van Israel; en dit is wat hulle vader aan hulle gesê het, en hy het hulle geseën; hy het hulle geseën, elkeen volgens sy besondere seën.

**Deu 33:12** Van Benjamin het hy gesê: Die beminde van die HERE—hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon tussen sy berghange.

**Skriflesing:** Genesis 35:15-21; 49:27-33; Romeine 7:7-27

**Teks:** Genesis 49:27-28; Deuteronomium 33:12

**Sing:** Ps. 68:12; Sb 14:1,2; Ps. 84:3,4; Ps. 95:1,4

Broeder en suster, Jakob sê dat Benjamin is 'n wolf. Sy pa sê dit terwyl hy eintlik besig is om te sterwe. Toe Benjamin gebore is, toe was Jakob dieselfde pa wat die kind nie 'n verkeerde ding kon noem nie. Ons het die stukkie hartseer weer saamgelees. Ragel sterf, toe sy lewe gee. Haar kind het haar lewe gevat. En sy wou hom toe 'n naam gee, wat hy die res van sy lewe met hom moes saamvat. Ben-oni noem sy hom, seun van my smarte. Jakob sê, nee, nie Benoni nie - maar Benjamin – seun van my regterhand. Sy ma kon daarop nie reageer nie, sy het toe gesterf, daar op daardie plek, naby 'n boom, later is daar ook 'n toring daar gebou, wat ons in ons lewe nooit weer mag miskyk nie.

Die kind is toe Benjamin genoem, ongeag Ragel se Benoni. En so is die vraag oor Benjamin se lewe gedurig gewees, is hy nou Benjamin, of is hy eintlik Benoni. Is hy regtig die Regterhandseun, of was hy toe op die einde hartseer kind – *seun van my smarte*. 'n Kindjie wat sonder sy ma moes grootword, dit bly altyd 'n moeilike saak. 'n Moederlose kind kan makliker in aanraking kom met die dinge wat die kind wild kan maak. Tog is geen mens maar net slagoffer van sy omstandighede nie. Ons omstandighede kan nooit die finale bewys wees van wie ek is of wat ek sal wees nie.

\*\*\*

Benjamin was wild, sy nageslag sien Jakob baie wild. Wolwe, anders as honde wat wel makgemaak kan word. Die ding dat 'n wolf nie makgemaak kan word nie, maar 'n hond tog

wel, laat ons dink aan wat die Prediker-digter in hoofstuk 9: 4 sê... 'n *lewendige hond is beter as 'n dooie leeu*.... Ons kan dan in lyn met Benjamin net sê, maar dan moet dit 'n hond wees, nie 'n wolf nie. 'n Wolf word moeilik gekeer en beheer, al blink sy pels, sy tande is skerp, sy oë kyk skelm, sy wreedheid verskeur.

As ons na die lewe van Benjamin kyk, ook dié van sy nageslag, dan kom ons gou agter, wie het die botoon gevoer. Jakob sê van Benjamin jy is 'n wolf – Die Benjamiete is wolwe..... 'n *Wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit*. Alles behalwe is hulle diegene wat ons aan ons regterhand wil hê.

In Rigters 19 beweeg alles eintlik by die punt van wolwe-wreedheid verby. Die geskiedenis is weersinwekkend, u kan dit self lees, wat die Benjamiete in hulle wolwe-geaardheid pak hulle. Hulle pak mense met meer as net een se dood. Alles begin by 'n Levitiese man, wat 'n byvrou gehad het en wat in Jerusalem nie veilig gevoel het nie. Hy gaan bly toe in Gibeon, tussen die Benjamiete. En die eerste wolwe – Benjamin-misdadigers, kom die nag, om met die man lelike dinge te doen. En die man, lafhartig is dit wel, stoot toe sy vrou by die deur uit, dat hulle met haar hulle sonde doen. En sy word toe verkrag, soos wolwe bespring hulle haar, tot die dood toe. Toe die Leviet sy vrou die oggend optel, toe haal sy nie die huis lewend nie.

En die Leviet sny toe sy vrou in twaalf stukke op, bedoelende elke stam in Israel moet gedeelte kry; elke stam moet weet van hierdie wrede daad wat in Gibeon oor hom gekom het. Toe die stamme hierdie stukke ontvang, toe is daar uit die aard van die saak wraak wat lostrek. Daardie misdadigers moet gewreek word. Die veronderstelling is al die stamme moet die misdadigers in hulle eie midde uitroei, die Benjamiete ook, hulle moet saamwerk, laat daardie misdadigers by hulle aan die pen kom.

En Jakob se wolwe-kindere, kan u dit glo, hulle stam staan toe saam, om eerder die misdadigers te beskerm en hulle raak in 'n bloedige stryd met hulle eie broers betrokke. 27000 in hulle stam word gedood, byna die hele Benjamin stam word uitgeroei. Ons sien die prentjie soos Jakob gesê het, wolwe, hulle is dit saans, maar ook in die oggend. Na alles is Ragel nie verkeerd nie, hierdie kind sou wees, seun van smarte, want my nageslag sou word, wolwe, wat verskeur – oggend en aand. Die Benjamin wat Jakob vir Ragel gesê het, hy staan toe nie op nie. Benoni het opgestaan. Dit sou lank vat, want ons kan net vinnig kyk, na 'n paar ander Benjamiete in die Ou Testament. \*\*\*

Benjamiëte, wat ons deur hulle linkerhande tref. Die Woord van die Here kom na ons tot in die fynste besonderhede, want Benjamin beteken, seun van my regterhand, maar wanneer ons in die Bybel op die enigste plekke afkom, waar daar melding gemaak word, van linkerhandige mense, dan is dit juis die Benjamiëte. Een so 'n Benjamiëte was Ehud, ons lees van hom in Rigters 3:15 – *Ehud, die seun van Gera, die Benjamiëte, 'n man wat links was*. En dan is dit juis sy linkshandigheid wat weer met wolwe-wreedheid 'n baie vet man Eglon op 'n toilet gedood het, want die vette het nie geweet van die swaard wat skielik vanaf die kant van Ehud se linkerkant hom kon deurboor nie.

En tog die spel tussen linkerhand, regterhand, Benjamin, seun van my regterhand, maar van sy kinders, is dan eintlik links, dit staan nie maar net so terloops in die Bybel nie. Die Bybel kan met fyn lyne, groot sake oopkerf, wat vir ons maar net lyk dit was toevallig so. Niks in die Bybel, nêrens, gebeur iets toevallig nie. Nie eers as 'n mens seun van my regterhand is, maar die kwaad kom van links nie.....Ook nie wanneer ek dinge van my regterhand af verwag en skielik kom die moeilikheid van links nie, soos met Eglon se dood. Kyk ook net die opmerking in Rigters 20 vers 16, as die Benjamin manskappe in die Gibeon-tragedie genoem word dan staan daar, *daar was sewehonderd uitgesoekte manne wat links was*. So terloops, maar niks gebeur terloops nie.

Dit was nie terloops dat die eerste koning van naam, wat in Israel regeer het, 'n rasegte Benjamiëte was nie. Hy was Saul, wat goed begin het, so goed dat hy selfs gesien kon word as tussen die profete, maar waar het die man net nie gaan uitdraai nie. 'n Wolwe pad, later soos 'n wolf al agter Dawid aangedraf, gesoek om hom te vermoor. Dawid beleef iets van hierdie wolwe-bedreiging, as hy hiervan praat in Psalm 22:17 – *Want honde het my omsingel; 'n bende kwaaddoeners het my omring*. Al sou Saul se geslag, Benjamin wees, sy lewe was smarte, 'n ware Benoni, wat homself vermoor het, 'n smartlike mens. En toe Dawid koning was, toe is dit weer 'n Benjamiëte, Simeï, wat agter Dawid aangeloop het, soos 'n wolf agter hom aangedraf het, vir Dawid met klippe gooi en hy vloek Dawid aanmekaar (2 Sam. 16:7). Ja, die man daar by Dawid, Abisai, sou wou terugvloek – en dit selfs in wolwe taal – 2 Sam. 16:9 – *Waarom moet hierdie dooie hond, my heer die koning vloek*. As hy hom hond noem, dan dink hy, hy vloek terug, maar hy sluit maar net aan by wat Jakob gesê het, toe hulle die ander tipe hond, wolf genoem is.

Die wolf lyne deurkruis die Benjamiete aanmekaar. Ons kan maar net nog een lyn noem, Mordegai en Ester, weer is dit Benjamin-kindere daardie. En by hulle gebeur ook dinge met hoe wreed die wolwe oggend en aand uitgaan om te verskeur. Alles lyk of dit by Benjamin net eintlik mooi die teenoorgestelde uitgeloop het, hy is nie seun van die regterhand nie, werklik seun van smarte- Benoni.

\*\*\*

Maar weet u, hierdie sterfplek van Ragel, daar waar Benjamin gebore is, ons het in die begin daarna verwys, daar naby die boom, waar daar later 'n toring gebou is, spesifiek op daardie plek het 'n baie groot wonder gebeur. Daar het die een nag herders gestaan, naby die skaapwagter toring en oor hulle skape die wag gehou en skielik was daar by hulle 'n leërskaap van engele, om vir die herders te sê, 'n goeie tyding van groot blydskap, *dat vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus die Here is.*

Ons het so baie lelike dinge van die Benjamin-stam moes ontdek, die oumens, die ou natuur het in Benjamin sterk gestaan, daar was soveel slegte dade, so lelik diep het hulle, hul wolf tande ingeslaan en skielik breek daar deur, dit wat ook by Benjamin raakgesien moet word. Sy geboorteplek word nie net die plek van engelesang om Christus se geboorte te besing nie, maar juis sy mense, het vasgestaan by Juda, toe die stamme van Israel in die tyd van koning Jerobeam en Rehabeam so geskeur het om nooit weer bymekaar uit te kom nie. Toe het net Benjamin by Juda bly staan en saam het hulle die twee stamme ryk gevorm. Hulle staan by Juda. Juda se stam wat sou word, die stam van ons Here Jesus Christus.

\*\*\*

En dan gryp ons terug, ons kom in verbasing die woorde van Moses ophaal, toe hy aan die einde van sy lewe ook van Benjamin gepraat het. En waar Jakob vir Benjamin as 'n roofdier sien, 'n wolf, was Moses se woorde toe al die teenoorgestelde – nie 'n wolf nie, maar ons hoor in Moses die trekke van 'n lam, 'n lammetjie. Deuteronomium 33:12- *Van Benjamin het hy (Moses) gesê – Die beminde van die Here – hy sal veilig by die Here woon; Hy (die Here) beskerm hom die hele dag en woon tussen sy berghange.* Weet u, dit wat hier tussen Jakob en Moses gebeur, dit wat klink die manne praat darem nou heeltemal teenoorgesteld, dit is nie so teenoorgesteld as wat ons dink nie. Wat hier gebeur, is die wonder van profesie, die profesie van Jesaja in hoofstuk 11:6 en weer in Hoofstuk 65:25, waar Jesaja elke keer praat van *die wolf en die lam wat saam sal wei.*

\*\*\*

Dit is presies wat gebeur – Die wolf se geboorteplek, Benjamin word die aankondiging van die Lam van God, Jesus Christus se geboorteplek, die wolf, die lam wei saam. Toe Israel in twee skeur, toe skaar die wolwe stam, Benjamin, hulle by die Juda-stam, die stam waaruit die Lam van God gebore sou word, die wolf, die Lam, weer wei hulle saam.

En ons kan maar net dieper en dieper hierop ingaan en ons tref die wolf en die Lam al hoe nader aanmekaar, totdat hulle nie meer sou saamvloei nie, maar saam sou gaan lê. Die gebied van Benjamin, waar sy stam gebly het, daar was die tempelberg en om die tempelberg heen, is die stad Jerusalem, die Godstad, ja presies in Benjamin se gebied was die Lam van God Jesus Christus se kruis ingeplant, die Lam van God sou na sy sterwe, begrawe word, neergelê word in wolwe land, maar dan staan die Lam uit die graf op. Hy Jesus Christus wys wat geregtigheid voor God is, wat dit is om nie net God se regterhand te wees nie, maar om met sy hemelvaart aan die regterhand van God te gaan sit. Die ware betekenis van Benjamin, Seun van my regterhand kom in Jesus na vore.

\*\*\*

En die grootste verkondiger van Jesus Christus wat daar seker nog op die aarde was, u weet wie hy was, die Bybel is vol van sy briewe, dit is die apostel Paulus. Sy herkoms, dit is weer nie toevallig nie, Paulus sê van homself – Romeine 11:1 – *Ek is ook 'n Israëliet uit die nageslag van Abraham, van die stam van Benjamin* (vgl. ook Fil.3:5 dat hy uit die geslag van Israel is, uit die stam van Benjamin, 'n Hebreër uit die Hebreërs). Hoe het alles met Paulus begin, ja dit was 'n wolwe pad. Hy het die christene vervolg, hulle doodgemaak, die kerk, die liggaam, van die Lam wou hy tot in sy gebeente opvreet en skielik op 'n dag toe die wolf nog besig was om op sy wolwe pad te draf, op pad Damaskus toe, om ook daardie christene te gaan vervolg, toe word hy in sy spore gestuit.

Vir die man uit Benjamin gebore, die wolf van vroeër sou voortaan niemand anders wou ken, as net Een, Jesus Christus en Hom as gekruisigde. Dit sou voorwaar elke keer maar net daarop uitloop, dat die wolf by die lam wil lê. Paulus sou alles neerlê, in die werk van die Lam, ons Here Jesus Christus.

\*\*\*

En wat Paulus se lewe nog soveel te meer, merkwaardig maak, is dat al het hy reeds by die lam van God, Jesus Christus neergelê, hy nog steeds sê hy dat hy in hom 'n stryd ervaar, die wolf in hom wil nie heeltemal weg nie. *Die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil nie, dit doen ek....*(Rom.7:19). Paulus, die grootste verkondiger van Jesus Christus,

wat daar nog op hierdie aarde was, hy het daarmee n stryd gehad. Wie is u en ek, om vanoggend te sê, ons sukkel nie daarmee nie. Uit ons eie natuur sal ons nooit saam met die Lam van God wil wei nie.

Hoe baie keer is ons in ons kerk-wees wolf-gerig?! Ons wil nie te naby die Lam wei nie, sal eerder nog soek waar kan ek seermaak, waar kan ek bespring, waar kan ek verslind, waar kan ek my tande wys, waar kan ek die ware lammers van God 'n knou toedien. Hoeveel sal eerder op 'n afstand soos 'n wolf staan en tjank om mens te laat verstaan, hoe sleg alles hier is, maar self wil ons nie saam met die Lam by die kerk ons skaar en sê, die Here roep ons tot werklike diepe, ootmoedige, gemeentebou. Wolf en lam kan saam wei, dit is nog altyd die wonder van kerk-wees, maar dan moet dit gaan om die lam te dien en nie my wolwe natuur nie.

Ek moet werklik besluit, ek moet daadwerklik daarvoor kies, of ek myself wil beklee met die wolwe Ek wil dan soos ons Kategismus dit sê – Sondag 33 met 'n lus en 'n liefde, 'n hartlike vreugde, die nuwe mens in my laat opstaan. Ek sal dan in God deur Christus ook die wil van God in alle goeie werke liefhet en daarvolgens lewe. Terselfdertyd sal ek my wolwe natuur afsterf, (hierdie hond in my moet dood), ek sal dit haat en daarvan wegvlug en ek sal berou het, dat ek God so deur my sondes bly tart en tart.

Ek wat op die wolwe pad is, dit kan lank met my goed gaan, op so 'n wolwe pad,. Baie lammers later, dan is die kerk, so te sê leeg gevang, maar weet dan maar ook, die wolf pad se einde, is die grootste nederlaag, wat daar nog nooit was nie. Die laaste dag sal vir so 'n mens wys, die hel van 'n paadjie wat nou lyk 'n maklike pad te wees.

Hier is een van twee dinge. Of ek bly Benoni, seun van my smarte, of ek word Benjamin, seun van my regterhand. My groot troos is en mag dit vir u heerlijk wees om dit te weet, dat God reeds sy keuse gedoen het. God het reeds bepaal wie waarlik die seun en dogter van sy regterhand sal wees. Mag u daardie plek ontvang. Weg van die wolwe natuur, wolwe pad, wolwe wat verskeur, weg van wat Jakob van die Benjamiëte gesê het- *in die môre eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit.*

AMEN